


# Josef Stalin (1878-1953) se fisiese en psigiese gesondheid

*Joseph Stalin's (1878-1953) physical and psychological health*

**FRANCOIS RETIEF**

Navorsingsgenoot, Departement Engels en Klassieke Kultuur, Universiteit van die Vrystaat  
fpr@shisas.com



**ANDRÉ WESSELS**

Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat  
wesselsa.hum@ufs.ac.za

Francois Retief

André Wessels

**FRANCOIS RETIEF verwerf** die MB ChB aan die Universiteit van Kaapstad, en daarna 'n DPhil aan Oxford (as Rhodes-student), 'n MD aan die Universiteit van Stellenbosch en FRCP van die Universiteit van Edinburgh. Hy was stigtersdekaan van die Fakulteit Geneeskunde, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, eerste voltydse Rektor van die Mediese Universiteit van Suider-Afrika, Directeur-Generaal van die Departement Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, en daarna Rektor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy dien 'n termyn as Voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sedert sy afstede is hy betrokke by navorsing oor mediese geskiedenis, en ontvang hy die Akademie se Stalsprys vir interdissiplinêre publikasies.

**FRANCOIS RETIEF** obtained his MB ChB from the University of Cape Town, followed by a DPhil Oxon (as Rhodes student), MD from the University of Stellenbosch, and FRCP from the University of Edinburgh. He was founding Dean of Medicine at the University of the Orange Free State, first full-time Rector of the Medical University of Southern Africa, Director-General of the Department of Health and Population Development, and subsequently Rector of the University of the Orange Free State. He served a term as Chairman of the South African Academy of Science and Arts. Since his retirement he has involved himself in research on medical history, and has received the Academy's Stals Prize for interdisciplinary publications.

**ANDRÉ WESSELS** is in Durban gebore. Hy het al sy akademiese kwalifikasies aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerf. Nadat hy as onderwyser (Amanzimtoti) en as navorser (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria) gewerk het, is hy vanaf 1988 as dosent aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (nou Universiteit van die Vrystaat) se Departement Geskiedenis verbonde, waar hy tans senior professor is. Sy groot aantal artikels, boeke en ander wetenskaplike publikasies handel oor verskeie historiese en verwante temas, maar hy fokus in besonder op die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog, asook die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse Vloot.

**ANDRÉ WESSELS** was born in Durban. He obtained all his academic qualifications at the University of the Orange Free State. He was a teacher (Amanzimtoti) and a researcher (Human Sciences Research Council, Pretoria). Since 1988 he has been attached to the Department of History at the University of the Orange Free State (now the University of the Free State), where he is currently a senior professor. His large number of articles, books and other academic publications deal with a variety of historical and related topics, but his main research focus is on the history of the Anglo-Boer War, as well as on the history of the South African National Defence Force, with special reference to the South African Navy.

## **ABSTRACT**

### ***Joseph Stalin's (1878-1953) physical and psychological health***

*Joseph Stalin was one of the greatest dictators of the 20<sup>th</sup> century. In many respects he was an unlikely ruler – of short stature, with an unimpressive physical appearance, little charisma or spontaneous enthusiasm, and a mediocre speaker. But for some 25 years he succeeded in ruling the Soviet Union with a ruthless policy based on terror and repression. During this time, nearly 40 million Russians died during the Second World War, and a further 20 million in peace time. When he died in 1953, there were approximately 7,5 million exiles in the correctional labour camps (Gulags). Yet, during his lifetime he was hailed by his rank and file countrymen as a wise founder of the Soviet State and its defender against international imperialism and capitalism. It is probably true to say that, in retrospect, he succeeded in dealing practical Marxism a lethal blow.*

*His career is traced from very humble origins in Georgia. Born in 1878 he was educated in a local church school. His subsequent studies at a theological seminary were aborted by his conversion to revolutionary socialism, and eventually Bolshevism. After a chequered career as revolutionary, often prisoner of the Tsarist authorities, but also a secret agent for the Tsarist Secret Police, he joined the 1917 revolution as a relatively minor official. By way of ingenious powerplay he managed to promote himself to the position of Lenin's successor after the latter's death in 1924. By 1928 he had become the undisputed leader of the Soviet Union, which he remained until his death. Through ruthless methods of absolute totalitarianism based on repression and fear, he launched two successive five-year programmes of radical socialist industrialisation and collective farming. This led to large-scale starvation and suffering among the kulak farmers in particular – 10 million of them had died by 1933. In his subsequent "Great Purge" Stalin rid himself of the majority of his erstwhile party comrades, as well as senior officers in the Soviet army. After a near catastrophic devastation of Russia during the Second World War, Stalin emerged more powerful than ever in 1945. The last eight years of his life, however, were an anticlimax, characterized by progressive deterioration of his health and mental abilities, although he still launched purges of suspected opponents, up to his death.*

*Stalin's illnesses are reviewed, starting with childhood diseases and accidents, leading, inter alia, to a shortened and disabled left arm, and a pock-marked face. In later life he had typhus, pulmonary tuberculosis, appendicitis, severe dental caries, recurrent tonsillitis, a probable irritable colon syndrome and possibly gall bladder pathology. Vague rheumatic pains were cured by hydrotherapy. In his early fifties ischaemic heart disease and hypertension were diagnosed, but Stalin refused all regular therapy, and in time developed a total distrust of doctors. He persisted with an unhealthy sedentary lifestyle, excessive eating, the drinking of mainly wine, heavy smoking of a pipe and cigarettes. The latter he stopped in 1952. From the middle 1940s he experienced repeated episodes of minor cerebro-vascular insufficiency, and progressive memory loss. He died of a massive left-sided cerebral haemorrhage on 5 March 1953.*

*Stalin's disturbed psyche was almost certainly not due to a true psychosis like paranoia or schizophrenia. It is suggested that he rather suffered from a complex psychopathic personality, possibly partly based on childhood victimization by a ruthless father, and strong elements of narcissism, sadism, megalomania and paranoia. He had an uncanny and ruthless ability to manipulate people, which enabled him to maintain absolute authority by means of fear and terror. He was married twice, and had many illicit affairs which usually involved a minimum of emotional interplay. The suggestion that he was bisexual is almost certainly untrue.*

**KEY CONCEPTS:** Stalin, Soviet Union, medical history, totalitarianism, purges, World War II, leadership, mental health, physical health.

**TREFWOORDE:** Stalin, Sowjet-Unie, siektegeskiedenis, totalitarisme, suiweringsveldtogte, Tweede Wêreldoorlog, leierskap, geestesgesondheid, fisiese gesondheid.

## OPSUMMING

In hierdie studie word Josef Stalin se siektegeskiedenis onder die loep geneem en word sowel sy fisiese as psigiese gesondheidstoestande geëvalueer. Stalin was nie net vir sowat 25 jaar die absolute heerser in die destydse Sowjet-Unie nie, maar inderdaad die mees absolute diktator wat die wêreld in die loop van die twintigste eeu opgelewer het. Ook as internasionale rolspeler het hy in die aanloop tot en tydens die Tweede Wêreldoorlog groot invloed uitgeoefen, en na afloop van dié stryd die gebeure tydens die eerste jare van die Koue Oorlog medebepaal. Gevolglik is dit nodig dat sy gesondheid (of gebrek aan gesondheid) histories geëvalueer word ten einde vas te stel in welke mate dit sy besluite en optrede (kon) beïnvloed het. Van die gevolgtrekkings waartoe gekom word, is dat Stalin se ongesonde lewenstyl sy fisiese gesondheid negatief beïnvloed het, en dat hy 'n versteurde psige gehad het, tipies van 'n psigopatiële persoonlikheid, en met kenmerke van sadisme, grootheidswaan en paranoïa.

## 1. INLEIDING

Josef Stalin was ongetwyfeld een van die grootste diktators van die 20ste eeu. In vele opsigte was hy as persoon 'n onwaarskynlike leier – kort van statuur, met 'n onaantreklike voorkoms, min spontane entoesiasme en charisma, en eintlik 'n swak spreker wat telkens 'n mikrofoon benodig het om impak te maak.<sup>1</sup> Tog het hy daarin geslaag om Rusland vir bykans 25 jaar deur middel van 'n beleid van terreur en vrees, te regeer. Hy was in dié tyd verantwoordelik vir die dood van minstens 20 miljoen landgenote in vredestyd, en vir bykans 40 miljoen weens sy hantering van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945).<sup>2</sup> En tog is hy gedurende sy lewe deur die burgers van die Unie van Sowjet-Sosialistiese Republieke (USSR) as absolute leier en held vereer. Dit is vandag, meer as 50 jaar na sy dood, steeds moeilik om 'n waarlik objektiewe beeld van sy lewe te verkry en tussen feit en fiksie te onderskei.<sup>3</sup>

In hierdie studie word op Stalin se siektegeskiedenis, sy psige en geestesgesondheid gekonsentreer. As gevolg van sy verbod op die optekening van verslae van mediese ondersoeke, is dit steeds moeilik om 'n werklik volledige beeld van sy gesondheidsprobleme saam te stel.<sup>4</sup> In welke mate het ervaringe en bepaalde voorvalle hul (negatiewe) merk op sy psige gelaat? Het dit weer op hul beurt sy standpunte, sieninge omtrent bepaalde sake, en sy optrede medebepaal? En hoe het sy optrede weer die kringloop voltooi deur sowel sy fisiese en psigiese gesondheid te beïnvloed? Ten einde antwoorde op hierdie en verwante vrae te probeer bekom, word 'n samevattende oorsig van sy lewe verskaf, met, waar nodig en moontlik, verwysing na sy gesondheid (of gebrek aan gesondheid), waarna sy gesondheid in onderafdeling 9 in geheel geëvalueer word.

## 2. JEUGJARE (1878-1899)

Josef Vissarionovich Djhugashvili is op 21 Desember 1878 in Gori, Georgië (destyds deel van Rusland) gebore, maar in 1925 het hy sy geboortedatum verander na 21 Desember 1879. Hy was die vierde en enigste oorlewende seun van 'n armoedige skoenmaker, Vissarion, en sy twintigjarige vrou, Ekaterina ("Keke"), wat as wasvrou en skoonmaker 'n karige bestaan gemaak het. Onder die invloed van drank, het hy sy vrou en kind gereeld aangerand, en hul van tyd tot tyd verlaat om op

die nabyleeë Tiflis (vandag Tblisi) te gaan werk.<sup>5</sup> Vissarion is in 1909 na alle waarskynlikheid oorlede aan alkoholiese lewer-sirrose.<sup>6</sup> Sy godsdiestige vrou het Josef ("Soso" het sy hom genoem) liefderyk maar streng grootgemaak, en weens vele kindersiektes eers op agt of tien jaar in die plaaslike kerkkool geplaas, waar hy 'n basiese opvoeding in, onder andere, tale, wetenskap en kerksang ontvang het.<sup>7</sup> Hy was 'n flukse leerder en ook 'n aggressiewe deelnemer aan kinderspeletjies (onder meer stoei),<sup>8</sup> maar geneig om sy swakker maats af te knou en skelm te speel. As ywerige leser was hy, onder andere, beïndruk met die eskapades van ene Koba, 'n fiktiewe guerrillavechter in 'n populêre roman.<sup>9</sup> Josef het op sewe jaar 'n ernstige aanval van pokkies oorleef (wat permanente pokmerke op sy gesig gelaat het), asook skarlakenkoors en masels. 'n Jonger broer het aan masels gesterf. By twee geleenthede is hy deur rytuie omgery wat beserings aan sy arms en bene veroorsaak het. In sy jeugjare het hy ook permanente verskromping van sy linkerarm en skouers opgedoen. Die tweede en derde tone aan sy linkervoet was van geboorte aanmekaar gegroei, 'n awyking wat egter geen simptome veroorsaak het nie.<sup>10</sup>

Grey<sup>11</sup> beweer dat hy sy moeder waarlik liefgehad het. Tog is daar bewys dat hy 'n moeilike kind was wat dikwels teen sy moeder gerebelleer het, en skynbaar met sy rekker en pyl-en-boog gereeld skade aangerig het.<sup>12</sup> Sy moeder se begeerte, dat hy priester word, het daartoe gelei dat hy in 1894 sy studies met 'n merietebeurs aan die theologiese seminarium in Tifles begin, en die eerste twee jaar akademies uitstekend presteer het. Die seminarium was akademies puik, en het rigiede dissipline toegepas, maar was ook 'n kookpot van ondergrondse rewolusionêre en sosialistiese aktiwiteite wat deurlopend genadeloos onderdruk is. Aanvanklik baie godsdienstig, het Josef vanaf sy derde jaar by die sosialistiese bewegings betrokke geraak, Karl Marx begin lees en sy akademiese studies afgeskeep. Benewens sosalistiese-kommunistiese literatuur het hy ook vertroud geraak met die klassieke werke van sy tyd.<sup>13</sup> Hy het ook ses gedigte geskryf wat in 'n plaaslike tydskrif gepubliseer is. Hy het al meer rebels geraak, met 'n groeiende haat teenoor alle vorme van gesag, iets wat oënskynlik deur sy vader se aanrandings aangewakker is. Betrokkenheid by verbode sosialistiese aktiwiteite en verwaelosing van sy studieprogram het daartoe gelei dat hy in 1899 uit die seminarium geskors is.<sup>14</sup> Ná sy skorsing het hy 'n aantal van sy mede-rewolusionêre aan die seminarium se owerhede verklap.<sup>15</sup> Oënskynlik siek het hy eers by sy moeder gaan woon, maar daarna na Tiflis verhuis.<sup>16</sup> Hierna het sy gereelde verbintenis met sy moeder tot 'n einde gekom – slegs by enkele geleenthede sou hy haar weer opsoek. Heelwat later het hy 'n tydelike tuiste vir haar in Moskou gereël. Sy is aan tuberkulose oorlede, maar haar begrafnis in 1937 het hy nie bygewoon nie; 'n krans is wel gestuur.<sup>17</sup>

### 3. DIE JONG REWOLUSIONÊR (1900-1917)

Stalin het kortstondig 'n betrekking by 'n poskantoor en later 'n sterrewag in Tiflis gevul,<sup>18</sup> maar toe weens rewolusionêre aktiwiteite 'n permanente voortvlugtige vir die Tsaristiese polisie en Okhrana (geheime polisie) geword. Van die volgende 17 jaar sou hy altesaam meer as agt jaar in periodieke gevangenis of ballingskap deurbring.<sup>19</sup> Hy het nou na homself as Koba verwys, vermoedelik met verwysing na sy fiktiewe kinderheld. Brackman<sup>20</sup> vermeld egter gerugte dat Stalin buite-egtelik verwek is, en dat Koba die naam van sy biologiese pa was.

In 1903 is hy in Gori met Ekaterina Svanidze getroud – 'n jong, stil en mooi meisie, vir wie hy oënskynlik werkelik lief was. Sy was godsdienstig en nooit rewolusionêr betrokke nie. 'n Seun, Yakov, is gebore wat mettertyd deur sy pa feitlik totaal verwerp sou word. Ekaterina is in 1907 aan tuberkulose oorlede, waarna Koba die seun by sy skoonouers gelaat en die familie permanent verlaat het. Van sy tydgenote het beweer dat die laaste stukkie ware menslikheid in hom, saam met haar gesterf het.<sup>21</sup> Hy het 'n alleenloper geword, nors en ongewild by mense, maar begeesterd en genadeloos in sy rewolusionêre strewe.<sup>22</sup>

Vir Lenin, die enigste persoon vir wie hy ooit as leier sou aanvaar, het hy waarskynlik in 1905 ontmoet. Hierna is sy lewe ook aan die Bolshevistiese rewolusie gewy, en het hy hom losgemaak van minder radikale bewegings soos die Mensheviks en Sosiaal Demokrate. Hy is herhaaldelik in hechtenis geneem en selfs na Siberië verban, vanwaar hy ontsnap het.<sup>23</sup> Feitlik sekerlik het hy in hierdie tydvak 'n dubbele rol gespeel, deur ook 'n geheime agent vir die Okhrana te wees.<sup>24</sup> In 1912 is hy tot die hoofbestuur van die Bolsheviks aangewys, en ongeveer dieselfde tyd het hy sy naam na Stalin ("Man van Staal") verander.<sup>25</sup> Hy het 'n reputasie verwerf vir onverskrokke bankrooftogte. Geld wat dan buitgemaak is, het Stalin vir die rewolusie "onteen". Vanaf 1913 tot 1917 was hy weer 'n banneling in Siberië – en het hy deur 'n periode van depressie gegaan. Dit word ook vermoed dat hy toe weer vir die Okhrana gewerk het, en 'n kind by 'n 13-jarige meisie verwek het. Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) is groot getalle Siberiese bannelinge vir die leer opgeroep, maar Stalin se abnormale arm het hom van diensplig gered.<sup>26</sup>

Op die vooraan van die 1917-rewolusie, ná die abdikasie van die tsaar, Nicholas II, in Maart van daardie jaar, was Stalin terug in St. Petersburg. As Bolshevistiese rewolusionêr het hy egter 'n relatief onbelangrike rol vervul. Hy was aanvanklik nie gewild binne die organisasie nie. Hy is beskou as 'n sombere persoon, moeilik en asosiaal – sonder werklike leierskapspotensiaal vir die stryd wat klaarblyklik voorgelê het.<sup>27</sup> Sy kollegas het hom beskryf as kort van statuur (ongeveer 1,7 meter; 70 kg gewig), sterk gebou, met prominente pokkieslittekens op die gesig en 'n prominente snor. Klaarblyklik intelligent, het hy 'n besonder skerp geheue gehad, maar weinig belangstelling buite die politiek getoon. Hy het Russies goed gepraat, maar met 'n duidelike Georgiese aksent.<sup>28</sup>

#### **4. REWOLUSIE, BURGEROORLOG EN DAARNA (1917-1928)**

Tydens die Bolshevistiese oorname van die Kerensky-regering in Oktober 1917, het Stalin 'n agtergrondrol vervul, maar in die daaropvolgende burgeroorlog (1919-1921) tussen die Rooi en Wit magte, stelselmatig na vore getree – veral in die verdediging van Tsaritsyn (later Stalingrad, en toe Volgograd). In 1919 is hy as 41-jarige met die 16-jarige Nadezhda (Nadya) Alliluyeva getroud – 'n rooikopmeisie, uit 'n vurige rewolusionêre gesin. Twee kinders, 'n seun, Vasili, en dogter, Svetlana, is uit die huwelik, wat nooit deur diepgaande liefde en huislikheid gekenmerk is nie, gebore. Nadya het in 1932 in reaksie op onenigheid met haar man en openbare vernedering, selfmoord gepleeg deur haarself in die hart te skiet; aan die kinders is aanvanklik vertel dat sy aan appendisitis gesterf het.<sup>29</sup> Vasili, wat later snel tot generaal in die lugmag bevorder is, het nie goed met sy vader oor die weg gekom nie, en het 'n dranksugtige geword.<sup>30</sup> Svetlana is wel deur Stalin vertroetel in 'n verhouding wat oorwegend aangenaam was. Ná sy dood het sy in die geheim na die VSA uitgewyk.<sup>31</sup>

Met Lenin as onbetwiste leier, is Stalin in 1922 tot Algemene Sekretaris van die Kommunistiese Party bevorder, 'n posisie wat hy vernuftig uitgebuit het om 'n magsposisie te bekom.<sup>32</sup> Die Sowjet-Unie, gegrond op 'n totalitaire kommunistiese workersbeweging, is in 1922-1924 tot stand gebring, en daar is begin met die brutale onderdrukking van alle werklike en gewaande opposisie-denke. Onder andere is die Russiese intelligentsia, skrywers, wetenskaplikes en die media geteiken, en binne enkele jare was geen kritiek of vrye meningsuiting meer moontlik nie.<sup>33</sup> Die Russiese-Ortodokse Kerk is genadeloos vervolg, sy rykdom geplunder en bykans 8 000 priesters en monnike gedood. Jode is in hierdie stadium nie vervolg nie; binne die Bolshevistiese leierskap was inderdaad 'n groot getal Jode.<sup>34</sup> In Mei 1922 het Lenin die eerste van drie beroerte-aanvalle, wat vroeg 1924 sy dood sou veroorsaak, gehad.<sup>35</sup> In die magstryd om sy opvolging, het Trotsky en Stalin as voorlopers na vore getree. Lenin het lank voor sy dood gewaarsku dat daar teen Stalin gewaak moes word. Hy het gereken Stalin was magsbehep en onverfynd. In weerwil daarvan het Stalin, deur slim manipulering van senior kollegas in die Politburo, daarin geslaag om binne drie jaar as wenner uit

die magstryd te tree.<sup>36</sup> Trotsky is in 1927 na Kazakhstan verban en het die volgende jaar na Turkye uitgewyk. Na verdere omswerwinge het hy hom in Meksiko gevestig, vanwaar 'n volgehoue openbare veroordeling van Stalin geloods is, totdat hy in 1940 deur 'n huurmoordenaar van die Sowjetstaat om die lewe gebring is.<sup>37</sup>

Selfs voor Nadya se selfmoord, het Stalin verskeie minnaresse gehad. Ná haar dood het meer gevolg, en was daar gerugte (waarskynlik onwaar) dat hy selfs met een van hulle, 'n Jodin, Rosa Kaganovich, in die geheim getroud was.<sup>38</sup> Alhoewel Stalin se eerste 50 lewensjare van tyd tot tyd deur siekte gekenmerk is (kyk onderafdeling 9 vir 'n evaluering), het hy 'n sterk gestel gehad. Teen 1928 het hy sy ideaal verwesenlik om absolute beheer oor die Sowjet-Unie te verkry. In die daaropvolgende jare het hy sy mag gebruik om sy land te omvorm ooreenkomsdig die visie wat hy in dié verband gehad het. Die spanning wat gepaard gegaan het met die stryd om polities te seëvier, en in beheer te bly, het egter ook toenemend sy tol begin eis.

## 5. VOLSTREKTE HEERSER (“KHOZIAIN”) (1928-1939)

Met die loodsing van sy Eerste Vyfjaarplan (1928-1933) het Stalin met genadelose doelgerigtheid 'n massiewe rewolusionêre program van stapel gestuur, gegrond op bouprojekte, die uitbouing van swaar nywerhede en die afdwing van sosialistiese kollektiewe boerdery met grootskaalse onteiening vanveral die meer gegoede kleinboere (*kulaks*). Weerstand is genadeloos onderdruk, en miljoene kleinboere is na Siberië en ander onherbergsame en dunbevolkte gebiede verplaas. Benewens onbeskryflike persoonlike lyding het dit die Russiese landboubedryf vir lank ingrypend geskaad. Ongeveer 10 miljoen kleinboere het veral weens hongersnood gesterf, en teen 1933 het Stalin besef dat sy beleid by groot dele van die gemeenskap diep wrewel veroorsaak het.<sup>39</sup> Toe hy in 1934 aanbied om as leier terug te staan wou die party dit egter nie aanvaar nie, en tydens die 17de Partykongres daardie jaar, het hy slinks, by wyse van tegemoetkomende verklarings, daarin geslaag om die kongresgangers entoesiasties agter hom te konsolideer. Hierdie was egter 'n strategiese stilte voor die storm. Sy Tweede Vyfjaarplan (1933-1938), weliswaar minder ingrypend as die eerste, was reeds geloods. Ook was sy planne agtermekaar vir die “Groot Suiwering” waartydens hy die meerderheid van sy ou Bolshevikiese medestryders, sowel as die room van die Rooileër se offisierskorps, geëlimineer het.<sup>40</sup> Inderdaad sou net 59 van die toegujige skare van 2 000 kongresafgevaardigdes in 1934 oorleef om die volgende partykongres by te woon. In 1936 is 'n moontlike sluipmoordaanval op Stalin gefnuik.<sup>41</sup>

Deur op meesterlike wyse senior partyleiers teen mekaar af te speel en gereeld die hoof van sy Geheime Polisie (NKVD) te vervang en oppergesag in homself te konsolideer, het Stalin stelselmatig persone en groepe in diskrediet gebring. Diesulkes is dan voor politieke vertoonhowe gedaag waar hulle sogenaamde bekentenis (tydens vooraf-marteling verkry), gedoen het, gevonnis en dan tereggestel of verban is. Van die drie hoofde van die NKVD (Yeshov, Yagoda en Beria, almal persoonlike vriende van Stalin) het slegs Beria oorleef.<sup>42</sup> Rayfield<sup>43</sup>oordeel dat meer as 3 miljoen individue tydens die “Groot Suiwering” in hechtenis geneem, 'n miljoen tereggestel en 1,5 miljoen na die sogenaamde Gulags (“korrektiewe arbeidskampe”) verban is. Die sluipmoord op Kirov, 'n Stalinbegunstigde, is aangegryp as motivering vir hernieuwe vervolgings, en teen 1940 was gesoute Bolshevikiese stryders soos Kamenev, Zinoviev, Lakoba, Menzhinsky, Koltsov, Orjonikidze en Bukharin almal dood, sowel as 'n groot aantal Rooileër-generals.<sup>44</sup> Dieselfde jaar het Stalin die berugte teregstelling van 22 000 Poolse militêre offisiere in die Katynwoud georkestreer, en later die Duitse weermag die skuld daarvoor gegee.<sup>45</sup> Toe Stalin in 1939 'n vredespakt met Hitler onderteken, was hy in 'n feitlik onaantastbare gesagsposisie,<sup>46</sup> en het hy vir die eerste keer begin om Jode te vervolg.<sup>47</sup> Homoseksualisme is reeds in 1933 verbied. Deur die skepping van

jeugorganisasies is jong mense gekorrupteer om vir die Party te werk, al sou dit die uitlewering van vriende, ouers en familielede (as sogenaamde vyande van die volk) beteken. Stalin het nou onverwags 'n belangstelling in Russiese kuns en letterkunde begin toon, en veral die rolprentbedryf bevorder.<sup>48</sup>

## **6. DIE TWEEDE WÊRELDORLOG (1939-1945)**

Die oorlog het op 1 September 1939 begin, met Stalin 'n bondgenoot van Hitler. Die Duitse inval van Rusland op 22 Junie 1941, het Stalin totaal onverhoeds betrapp, met sy leërs swak voorberei en die Sowjet-offisierskorps uitgedun deur die "Groot Suiwering" van 1937 en 1938. Vir twee weke ná die inval was Stalin by die vakansieoord Sochi aan die Swartsee, en onbereikbaar. Svetlana het later vertel dat haar pa in dié tyd emosioneel gedisintegreer het en selfs onsamehangend gepraat het – dat hy inderdaad vir die res van 1941 by tye verward voorgekom het.<sup>49</sup> In Oktober 1941 het hy ernstige griep gehad. Amptelik was Stalin egter in vertroulike samesprekings met die Politburo en het hy homself snel tot militêre hoofbevelhebber bevorder – 'n taak wat hy met besondere doeltreffendheid volvoer het.<sup>50</sup> Aanvanklik het die Rooileër enorme verliese gely. In 1941 is 730 000 Russiese soldate gedood en 4 miljoen gevange geneem waarvan slegs 1,1 miljoen 'n jaar later nog geleef het. In die loop van die volgende vier jaar het die Rooileër 11 miljoen verliese gely, teenoor die 3 miljoen van hul vyand; in totaal is 37 miljoen inwoners van die Sowjet-Unie dood. Dit word beweer dat die totale vooroorlogse Rooileër-komponent teen einde 1942 vernietig was. 'n Nuwe offisierskorps is ontwikkel waarbinne Zhukov, as Stalin se hoofraadgewer, na vore getree het. Aanvanklik is 'n groot aantal generaals op aanklagte van onbekwaamheid gefusilleer, maar mettertyd het die getalle verminder.<sup>51</sup>

Ten spyte van verliese in mannekrag en toerusting, wat in verhouding veel groter as dié van Duitsland was, het die oorlog stelselmatig ten gunste van die Sowjet-Unie geswaaai, met Stalingrad (1942) en Kursk (1943) as van hul grootste oorwinnings.<sup>52</sup> Ten spyte van die enorme eksterne aanslag, het Stalin voortgegaan om deur middel van terreurraksies intern sy oppergesag af te dwing – net in 1942, byvoorbeeld, het die NKVD 23 000 "teenrewolusionêre" tereggestel.<sup>53</sup> By Teheran (1943), Yalta (1944) en Potsdam (1945) het Stalin met Churchill en Roosevelt (later Truman) as Geallieerde leiers die naoorlogse toekoms van Europa bespreek, en het hy daarin geslaag om Sowjet-beheer oor Oos-Europa te beding.<sup>54</sup> Churchill en ander leiers was deurentyd baie beïndruk met Stalin se breë begrip van die oorlogssituasie en van internasionale verhoudinge.<sup>55</sup> Tydens die Potsdam-konferensie het Stalin egter tekens van hartprobleme getoon.<sup>56</sup> Sy vervreemde oudste seun, Yakov, het as krygsgevangene in 'n Duitse gevangenkamp gesterf – waarskynlik gefusilleer.<sup>57</sup> In Augustus 1945 het die oorlog geëindig.

## **7. DIE NA-OORLOGSE TYDVAK (1945-1953)**

Stalin het die oorlog as absolute held in die Sowjet-Unie afgesluit – die wyse vaderfiguur wat die Sowjet-Unie eers teen kapitalisme, maar nou ook teen militêre Nazi-aggressie suksesvol verdedig het.<sup>58</sup> Dus was 1945 die hoogtepunt van sy politieke lewe en in vele opsigte was sy laaste agt lewensjare 'n antiklimaks.<sup>59</sup> Dit sou dalk verwag kon word dat hy in die heropbouproses van verwoesde Rusland sy landgenote in vertroue meer deel sou maak van rehabilitasieprogramme – maar eerder die teendeel was waar. Met hernieuwe terreur is 'n periode ingelui wat 'n ouer geslag Russe aan die ergste van die Tsaristiese era herinner het. Die enigste teken van menslikheid was die opskorting, vir drie jaar, van die doodstraf in 1947. Mense wat skuldig bevind is, moes vonnisse van 25 jaar harde-arbeid in die Gulags uitdien.<sup>60</sup> Stalin se aansien by die Geallieerde is ook spoedig

versuur deur sy oorname van Oos-Europese state, en veral die blokkade van Wes-Berlyn (1948). Die sogenoamde “Ystergordyn” en “Koue Oorlog” het spanning tussen die Sowjet-Unie en die Weste veroorsaak.<sup>61</sup>

Ná die Tweede Wêreldoorlog het Stalin 'n maandlange vakansie by Sochi aan die Swartsee geneem, en by sy terugkeer in die Kremlin is 'n oënskynlike persoonlikheidsverandering by hom opgemerk. Hy was meer knorrig, geïrriteerd, suspisieus en aggressief teenoor almal. Svetlana het opgemerk dat hy meer in homself gekeerd was en al meer tyd in sy *dacha* by Kunksevo, buiten Moskou, eerder as in die Kremlin, deurgebring het. Sy geheue het mettertyd verswak en hy het nie daarin geslaag om, soos in die verlede, 'n greep op internasionale gebeurtenisse (nou veel meer ingewikkeld as tevore) te behou nie.<sup>62</sup> Die Politburo het 'n komitee bestaande uit Malenkov, Molotov en Beria aangestel om sy gesondheidstoestand te help hanteer.<sup>63</sup>

In 1947 het Stalin sy anti-Semiticse aksie, wat reeds voor die oorlog begin is, in alle erns hervat. 'n Groot getal Jode (insluitend vroue van Politburo-lede) is vir kleinlike, selfs belaglike redes in hechtenis geneem, verban, of selfs tereggestel. Veral Joodse akteurs is geteiken, waaronder die gewilde Mikoels wat in 'n skynmotorongeluk om die lewe gebring is.<sup>64</sup> Tito se onttrekking van Joegoeslawië uit die kommunistiese blok (1948), en Stalin se onvermoë om daarteen op te tree, was vir hom 'n groot morele nederlaag.<sup>65</sup> In dieselfde jaar is 'n moontlike opvolger van Stalin, Zhdanov, skielik oorlede, oënskynlik aan 'n hartsiekte. Gerugte is, onder andere, deur ene dr. Timashuk versprei dat hy as gevolg van nalatige mediese sorg gesterf het, en verskeie persone in Leningrad wat met hom 'n verbintenis gehad het, is in hechtenis geneem.<sup>66</sup> In Julie en Augustus 1949 is 'n totaal onverklaarbare "suiweringsveldtog" in Leningrad geloods, toe ongeveer 2 000 persone (die room van die stad se Kommunistiese leierskorps) in hechtenis geneem en tereggestel is – in weerwil van Stalin se steeds geldende verbod op die doodstraf.<sup>67</sup> Die Sowjet-Unie het die Noord-Koreaanse inval in Suid-Korea in 1950 gesteun, en vir Stalin was dit 'n bitter teleurstelling toe optrede deur die VSA en die Verenigde Nasies (VN) voorkom het dat Suid-Korea deur die Kommuniste ingepalm is.<sup>68</sup> Intussen is genadelose "suiweringsaksies", met grootskaalse teregstellings, in die Oosblok-satellietlande geloods.<sup>69</sup>

Teen Desember 1952 was dit onder die elite van Moskou bekend dat Stalin se gesondheid beduidend agteruitgegaan het. Hy het homself begin afsonder en het al minder op persoonlike netheid gelet. Hy is deur hoofpyn en geheueverlies geteister.<sup>70</sup> Maar hy het desnieteenstaande absolute beheer oor staatsake behou, en met verhoogde suspisie die optredes van sy kollegas dopgehou. Hy het 'n eensame, siek, ou man sonder enige vriende geword.<sup>71</sup> Antonov-Ovseyenko<sup>72</sup> beweer dat hy dubbel so geïrriteerd, en drie maal so wreed as tevore was. In Januarie 1953 het sy persoonlike geneesheer (Vinogradov) 'n ernstige hartsiekte bevestig en 'n periode van rus voorgeskryf. Hierteen het Stalin onredelik in opstand gekom en die "Kremlin geneeshere-komplot" geloods, onder voorwendsel dat die geneeshere, wat reeds Zhdanov se dood sou veroorsaak het, nou wou saamsweer om die Sowjet-leierskorps te vergiftig. Aanvanklik is 15 en later 'n verdere 28 Kremlin-geneeshere (oorwegend Joods) in hechtenis geneem, en is begin om deur marteling erkennings van wandade uit hul te dwing. Teen einde Februarie het twee van die geneeshere reeds gesterf<sup>73</sup> – maar Stalin se einde was ook naby.

## 8. DIE EINDE (1-5 MAART 1953)

Vandag, na verloop van meer as 50 jaar, is daar steeds onduidelikheid oor die redes vir Stalin se dood. Onmiddellik ná die gebeure, maar selfs dekades daarna, het gerugte die ronde gedoen dat hy vermoor (waarskynlik vergiftig) is – dalk deur Beria.<sup>74</sup> Daar is selfs beweer dat hy tydens 'n Politburo-vergadering gestruikel, sy kop teen die tafelrand gestamp, en toe deur Molotov vergiftigde

brandewyn ingegee is.<sup>75</sup> Ebon<sup>76</sup> wys ook daarop dat sleutelfigure onder sy persoonlike wagte kort voor sy dood op eienaardige wyse gesterf of verdwyn het. Daar was ook bewerings dat die Presidium (wat die Politburo vervang het), nadat hulle gehoor het van sy nie-dodelike beroerte op 1 Maart 1953, met opset doktersbehandeling vertraag het, om seker te maak dat hy sou sterf.<sup>77</sup> 'n Ander gerug was dat hy die beroerte in die Kremlin gekry het, tydens 'n hewige uitval met Kagonovich en die Presidium.<sup>78</sup>

Die jongste inligting toon dat die volgende waarskynlik gebeur het: op Saterdagaand, 28 Februarie 1953, was Stalin en lede van die Presidium eers by 'n filmvertoning in die Kremlin en daarna by 'n ete in sy *dacha* te Kunt servo, wat tot 4 of 5 uur dieoggend geduur en met heelwat drankgebruik gepaard gegaan het. Stalin was toe oënskynlik gesond en in 'n goeie bui.<sup>79</sup> Sondag, 1 Maart, het stil verbygegaan, maar toe Stalin teen middernag nog nie kos bestel het nie, het sy wagte ondersoek ingestel.<sup>80</sup> Detail van die daaropvolgende gebeure is nie heeltemal duidelik nie, maar oënskynlik is lede van die Presidium in die vroeë oggendure van 2 Maart gebel met die nuus dat Stalin in 'n plas urine op 'n vloer in die *dacha* gevind is, geklee in 'n onderhemp en slaapbroek.<sup>81</sup> Lede van die Presidium het kom ondersoek instel en na beraadslagings is geneeshere ontbied, wat teen ongeveer 09h00, 2 Maart, opgedaag het. Weens die onlangse inhegtenisnames van Kremlin-geneeshere, was dokters baie lugtig om by die mediese behandeling van Stalin betrokke te raak.<sup>82</sup> Die geneeshere se bevinding was dat Stalin 'n beroerte gehad het, met regsydige verlamming en spraakverlies. Sy bloeddruk was 210/110 mm Hg, en sy bewussynsvlak het gewissel. Daar was periodieke Cheyne-Stokes-respirasie, en 'n onreëlmattige pols.<sup>83</sup> As behandeling is bloedsuiers op sy agterkop en nek aangebring, en die vermoedelike iskemiese hartsiekte met digitalis, kaffeïen en 'n kamferpreparaat behandel. 'n Verpleegster het hom met 'n teeplepel gevoer. 'n Klisma is toegedien. Later het hy suurstof en penisillien ontvang vir toenemende respiratoriese ongemak. Hy het eenmaal bloed gebraak.<sup>84</sup>

Lede van die Presidium het om die beurt by hom gewaak, en sy kinders, Svetlana en Vasili, is ontbied. Svetlana het by die siekbed gebly, maar Vasili, wat dronk opgedaag het, het 'n ruk lank op die omstanders gevloek, hul daarvan beskuldig dat Stalin deur hul vermoor word, en toe vertrek.<sup>85</sup> Die eerste radioberig oor die beroerte is eers op 4 Maart om 02h00 uitgesaai en om 20h15 herhaal.<sup>86</sup> 'n EKG het afwykings tipies van hartinfarksie getoon. Op 5 Maart het Stalin se toestand aanvanklik oënskynlik verbeter, maar toe het hy bloed gebraak en die middag het sy toestand versleg. Hy was sianoties, baie kortasem, en om 21h50 is hy oorlede.<sup>87</sup> Sy lyk is na die Kremlin vervoer waar 'n lykskouing gedoen en hy daarna gebalsem is.<sup>88</sup> Die lykskouing het die kliniese diagnose bevestig: 'n massiewe linkssydige intraserebrale bloeding, erge serebrale arteriosklerose, verspreide klein areas van vorige breinnekrose, verdikking van die linkerventrikulêre-hartwand, en klein bloedings in die hartspier en dermkanaalslymvlies.<sup>89</sup> 'n Radioberig om 04h03 op 6 Maart het sy dood aangekondig.<sup>90</sup>

Sy gebalsemde lyk het eers, soos dié van Lenin, in die Suilesaal van die Moskouse Vakbondsentrum in staatsie gelê, en is op 9 Maart langs dié van sy voorganger in die Lenin-mausoleum geplaas. Slegs drie persone (Molotov, Malenkov en Beria) het huldigingsredes gelewer. In die omgewing was 'n enorme samedromming van belangstellendes, en baie mense is in die gedrang beseer of gedood. Krushchev se finale kommentaar was: "Soos Pieter die Grote het Stalin barbarisme met barbarisme beveg, maar hy was 'n groot man."<sup>91</sup>

'n Nasionale rouperiode het gevolg, maar eintlik verbasend gou was daar tekens dat die Stalin-era doelbewus beëindig is. *Pravda* het, met klaarblyklike verwysing na "Stalinisme", gewaarsku teen "persoonlikheidskultusse" en voor die einde van die jaar is die Pospelov-kommisie aangestel om ondersoek te doen na moontlike wandade van die verlede. Voortspruitend hieruit het die Hooggereghof begin om benadeeldes postuum amptelik te "rehabiliteer". Die gearresteerde

Kremlin-geneeshere en ander Jode is onmiddellik vrygelaat.<sup>92</sup> In die Gulags was ongeveer 7,5 miljoen mense wat teen 1956 na hul tuistes gerepatrieer is.<sup>93</sup> 'n Magstryd om leierskap is voorlopig deur Malenkov gewen, en Beria, wat nou aanspreeklik gehou is vir baie van Stalin se gruweldade, is in Desember 1953 tereggestel.<sup>94</sup> By 'n Partykongres in 1961 het Kruschchev die Stalin-wandade blootgelê en veroordeel.<sup>95</sup> Later daardie jaar is Stalin se lyk uit die Lenin-mausoleum verwyder en langs die Kremlinmuur begrawe.<sup>96</sup>

## 9. GESONDHEID

Teen die agtergrond van die chronologiese oorsig van Stalin se lewe, en die enkele opmerkings wat reeds oor sy fisiese en psigiese gesondheidstoestand gemaak is, gaan sy komplekse persoonlikheidsamestelling, geestesgesondheid en fisiese siektes vervolgens in meer besonderhede bespreek word.

### 9.1 Persoonlikheidsamestelling en geestesgesondheid

Oor die hoofkomponente van Stalin se psigiese samestelling en afwykings is daar grotendeels eenstemmigheid. Sy persoonlikheid was gegrond op enkele oorheersende kenmerke, waarvan 'n bittere afkeur van alle gesag (buite sy eie) en genadelose aandrang op absolute beheer, kernbestanddele was. Dit is moontlik, selfs waarskynlik, dat ondervindinge uit sy armoedige kinderjare 'n beduidende ontwikkelingsinvloed gehad het,<sup>97</sup> waaronder sy dominerende vader se gereelde aanrandings en hardhandige poging om hom in Tiflis teen sy wil 'n skoenmakersopleiding te laat ondergaan;<sup>98</sup> sy moeder se bereidwilligheid (soos hy dit gesien het) om haar man se onredelike, wrede optrede goed te keur; die rigiede afdwing van dissipline in die Tiflis-seminarium, onder andere, met absolute onderdrukking van alternatiewe denke, soos sosialisme; gespot met sy pokkieslittekens (hy is deur skoolmaats "Chopu" genoem) en sy aangebore abnormale linkervoet ('n perdehoef genoem). Hy sou sy hele lewe slegs een persoon as sy meerdere aanvaar – Lenin.<sup>99</sup> Reeds teen die einde van sy kinderjare was 'n persoonlikheid ingestem op genadelose oorheersing, by hom merkbaar. Hy wou altyd leier wees, het maats slu teen mekaar afgespeel om sy sin te kry, het swakkeres geboelie en nie geskroom om skelm en vuil te speel ten einde sy doel te bereik nie.<sup>100</sup> Gebrek aan lojaliteit, selfs amoraliteit, het na vore getree: toe hy sy moeder (wat haar afgesloof het om sy studies te bekostig) nie meer nodig gehad het nie, is sy geïgnoreer;<sup>101</sup> by sy skorsing uit die seminarium het hy sy makkers in die ondergrondse aktiwiteite aan die owerhede verklap; hy het in later jare as dubbelagent vir beide die Bolshevikte en die Okhrana gewerk<sup>102</sup> – en tydens die dertigerjare en later sou hy genadeloos sy vroeëre medestryders en vriende uitwis.<sup>103</sup>

Neumayr<sup>104</sup> maak 'n sterk saak uit dat sy persoonlikheid te goed geïntegreerd was vir 'n ware psigose, maar dat hy inderdaad 'n klassieke voorbeeld van 'n psigopatiële persoonlikheid was, gekenmerk deur narsissisme (aanbidding van die eie self), en bykomde megalomanie, sadisme (verlustiging in die lyding van ander) asook 'n verskerpte geneigdheid tot suspisie en wraaksug (paranoia). Waarskynlik is onderliggende persoonlike lafhartigheid hierdeur verberg. Na die dood van sy eerste vrou, Ekaterina, in 1907, was daar min menslikheid by hom te bespeur.<sup>105</sup> Sy tweede huwelik het getuig van 'n gebrek aan onderlinge respek en liefde; Nadya het as gevolg van onmin in hulle verhouding en sy openbare beledigings, selfmoord gepleeg; en vir sy twee seuns het hy min tyd gehad.<sup>106</sup> Teenoor Svetlana kon hy wel liefdevol optree. Sy vele liefdesverhoudinge met minnaresse was volgens alle getuienis emosieloos van aard.<sup>107</sup> Hy was wel 'n meester agitator en manipuleerde van mense, alhoewel daar eintlik van persoonlike charisma min sprake was.<sup>108</sup> Sy toesprake was kenmerkend langdradig, en alhoewel die inhoud goed was, was die voordrag gewoonlik oninspirerend.<sup>109</sup>

Sy besondere sukses as diktator was gesetel in 'n persoonlikheidskultus ("Stalinisme"), gegrond op die oënskynlike omgee vir sy land en mense. Hierdie beeld het by die massa geslaag omdat dit gegrond was op onkunde oor die werklikheid, weens sy absolute beheer oor die media, en volgehoue terreur, vrees en vernietiging van alle opposisie.<sup>110</sup> Ironies genoeg het Stalin self etlike fobies gehad. Hy het 'n vrees gehad om te vlieg en het dit net een maal gedoen (na Teheran, in 1943).<sup>111</sup> Tydens die oorlog het hy net een maal die oorlogsfront besoek, omdat die kanonvuur hom oënskynlik ontstel en diarree veroorsaak het.<sup>112</sup> Ten spye van vroeë propagandaberigte oor sy besondere swemvermoë,<sup>113</sup> kon hy nooit swem nie.<sup>114</sup> Alhoewel Rancour-Laferriere<sup>115</sup> 'n saak vir biseksualisme by Stalin uitmaak, is daar inderdaad geen oortuigende bewys van homoseksuele aktiwiteite nie.

Stalin se psigiatriese diagnose was dan waarskynlik dié van 'n komplekse psigopatiële persoonlikheid met elemente van narsissisme, megalomanie, sadisme en paranoia. Bakhterev het in 1927 reeds paranoia (dit wil sê 'n psigose) by hom gediagnoseer en die diagnose bekend gemaak. Hy het dieselfde aand onder eienaardige omstandighede aan oënskynlike vergiftiging gesterf. Sy seun is kort daarna in hegtenis geneem en tereggestel, en sy familie na Siberië verban.<sup>116</sup> Stalin het feitlik sekerlik nie aan skisofreniese paranoia gelei nie, omdat hy nie psigotiese afwykings gekenmerk deur hallusinasies of kontakverlies met die werklikheid getoon het nie.<sup>117</sup> Hy het wel vroeg in sy lewe tydens ballingskap in Siberië verlengde depressie ondervind.<sup>118</sup>

## 9.2 Organiese siektes

'n Studie van Stalin se kwale word bemoeilik deur sy volstrekte verbod op die dokumentering van sy siektes.<sup>119</sup> Hierbo is reeds melding gemaak van 'n reeks kindersiektes (masels, skarlakenkoors, moontlike poliomielitis) en pokkies wat littekens op sy gesig gelaat het. Hy was drie keer by voertuigongelukke betrokke – op 10-jarige leeftyd is sy arms ernstig beseer toe hy deur 'n perdekar raakgery is; op 12 jaar is hy weer omgery, met besering van sy bene, en in 1906 het hy van 'n trem geval en sy kop beseer.<sup>120</sup> Tydens sy jeugjare het hy verskrompeling en verswakking van sy linkerarm en -skouer opgedoen, wat gepaard gegaan het met 'n ongeveer 5,5 cm verkorting van die ledemaat en matige styfheid van die elomboog en skouer; die linkerhand het 'n verswakte greep behou. In later jare het hy dikwels gekla van 'n koue gevoel en pyn in die arm, wat dan in 'n hangverband onder die boklere gestut is.<sup>121</sup> Die oorsaak van die letsel kan waarskynlik aan die eerste bovermelde ongeluk toegeskryf word, wat tot 'n fraktuur en osteomielitis van die humerus gelei het.<sup>122</sup> Daar was ook sprake van 'n armwond wat bloedvergiftiging en verspreide sepsis van die boarm en latere spieratrofie veroorsaak het.<sup>123</sup> Ander bronne beweer egter dat die letsel voortgespruit het uit een van sy pa se aanrandings<sup>124</sup> of selfs uit 'n besering opgedoen tydens 'n bankroof.<sup>125</sup> 'n Aanval van poliomielitis<sup>126</sup> mag ook tot atrofie van die arm en skouerspiere gelei het. Svetlana het selfs beweer dat 'n geboortebesering die afwykings veroorsaak het.<sup>127</sup> Bewerings dat hy sifilis opgedoen het, kan nie gestaaf word nie.<sup>128</sup>

Tydens sy verbanning na Siberië het hy in 1909 in 'n strafkamp tifus opgedoen.<sup>129</sup> Terug in St. Petersburg tydens die 1917-revolusie en daaropvolgende burgeroorlog, is longtuberkulose gediagnoseer en in 1919 is hy in die Nalchik-sanatorium behandel. Latere verslae dat longvliesverklewings in sy linkertoraks gediagnoseer is, sou hiermee inpas;<sup>130</sup> sy moeder en eerste vrou is aan tuberkulose, wat 'n baie volop siekte was, oorlede.<sup>131</sup> In Maart 1921 is 'n uitgebreide operasie vir appendisitis met komplikasies, uitgevoer, waartydens sy lewe skynbaar in gevaar was.<sup>132</sup> Ongeveer hierdie tyd het hy bewus geword van tandprobleme, wat uitgeloop het op uitgebreide ingrepe vir herhalende tandverrotting en mondpy, wat hom oor dekades periodiek sou pla. Vanaf 1926 het hy periodiek vae buikongemak geassosieerd met episodes van winderigheid

en diarree ontwikkel, wat waarskynlik op 'n geïrriteerde dermkanaalsindroom dui. Hy het ook gekla van wydverspreide spier- en gewrigspyne van 'n vae aard, wat veral die linkerarm aangetas het. Daar is selfs vermoed dat hy aan iskias kon ly.<sup>133</sup> Hy is aangeraai om vir hierdie klagtes die warmwaterbronne by Sochi aan die Swartsee te besoek, en hy het hierdie behandeling baie suksesvol gevind. Hier het hy kennis gemaak met Valedinsky, wat onder andere sy alkohol-inname probeer beperk het, en tot 1940 'n mediese raadgewer sou bly.<sup>134</sup> Sy rol is ná die oorlog deur Vinogradov as persoonlike geneesheer oorgeneem. In 1927 het hy 'n algemene- en hartondersoek ondergaan wat oënskynlik geen patologie getoon het nie.<sup>135</sup>

In 1927 was Stalin 49 jaar oud en volledig in beheer van die Politburo en Sowjet-Unie. Sy lewenstyl het al minder oefening ingesluit. Hy het baie geëet, redelik straf gedrink (oorwegend wyn) en pyp en sigarette gerook.<sup>136</sup> Mediese ondersoek, wat aanvanklik twee keer per jaar deur Pletnov uitgevoer is, het afwykings begin toon: galblaassiekte is vermoed en hypertensie gediagnoseer. Vanaf 1933 het hy borskaspyn, suggestief van angina pectoris, ontwikkel, en van kortasemheid by inspanning bewus geword. Alhoewel hypertensie (geen bloeddruklesings is aangeteken nie) en iskemiese hartsiekte dus bevestig was, het Stalin nooit volgehoue terapie hiervoor aanvaar nie.<sup>137</sup> Hy het mettertyd al meer in opstand teen enige mediese behandeling gekom en slegs sy eie volksgeneesmiddels geneem, sowel as jodiumdruppels vir die hypertensie.<sup>138</sup> As kardioloog het Vinogradov aanvanklik by sy behandeling betrokke geraak na herhaalde aanvalle van tonsillitis en keelinfeksie in 1936.<sup>139</sup> Pletnov is in 1938 van Trotskyisme aangekla, gemartel en tot 15 jaar gevengenissskap veroordeel, maar het in 1941 uit die gevengenis verdwyn.<sup>140</sup>

Benewens 'n griepaanval in Oktober 1941, was Stalin se gesondheid tydens die Tweede Wêreldoorlog aanvanklik goed,<sup>141</sup> maar teen Februarie 1945 was sy hypertensie oënskynlik buite beheer en ondervind hy hoofpyn en balanssteurnis. In Mei 1945 ontwikkel hy hartklagtes wat as 'n moontlike klein hartinfarksie gediagnoseer is. Soos al sy siektes is dit geheim gehou, maar die Potsdam-konferensie in Julie 1945 is hierdeur verkort.<sup>142</sup> Teen die einde van die oorlog in Augustus 1945, was Stalin op die kruin van sy politieke loopbaan, maar klaarblyklik nie gesond nie. Tydens die oorwinningsparade in Moskou was hy ooglopend moeg, en voortaan sou verbygaande voorvalle van duiseligheid, selfs kortstondige bewussynsverlies, aanduidend van cerebrale iskemie, begin voorkom.<sup>143</sup> In Oktober 1945 het 'n geringe beroerte-voorval voorgekom. Sy geheue het verswak, maar sy politieke aggressie en paranoia het vererger.<sup>144</sup> Kleiner probleme, soos herhalende laringitis, pynlike liddorings en 'n veluitslag (moontlik psoriase), het voorgekom.<sup>145</sup> Sy angina en inspanningsdispnee het in die winter van 1946-47 vererger en hy is aangeraai om voortaan langer vakansies met oefening te neem, en sy rokery te staak. Laasgenoemde is geïgnoreer, maar sy vakansieperiodes het wel verleng.<sup>146</sup> In 1948 is beensepsis chirurgies genees.<sup>147</sup> Teen Desember 1949 het hy waarskynlik 'n geringe beroerte-episode met spraakaantasting ondervind. Tydens sy 70ste verjaarsdagviering het hy nie sy gewone toespraak gelewer nie.<sup>148</sup> In 1951 en 1952 was sy algemene fisiese agteruitgang duidelik. Hy het met sy ongesonde lewenstyl volgehou, doktersondersoek en behandeling geweier, maar einde 1952 tog ophou rook. Daar was ook kliniese tekens van chroniese bronkitis en emfiseem.<sup>149</sup> Sy politieke onsekerheid en paranoia het nou aanleiding gegee tot hernieuwe terreurdade soos die Joodse suiwering, die Leningrad-slagting, en in Januarie 1953 die vervolging van die Kremlin-geneeshere. Laasgenoemde is gepresipiteer deur 'n laaste besoek aan sy geneesheer, Vinogradov, wat dit gewaag het om sy Kremlinkollegas te verdedig, en Stalin te waarsku dat sy harttoestand ernstig was.<sup>150</sup>

Soos reeds beskryf, is Stalin se dood op 1 Maart 1953 deur 'n groot linkssyndrome intraserebrale bloeding veroorsaak, wat volledige regssyndrome hemiplegie, urinêre inkontinenste, afasie (afwesige spraak) en 'n wisselende bewussynsvlak veroorsaak het. 'n Onreëlmaterige polsslag is opgemerk. Dis onbekend of Stalin tevore 'n disritmie soos atrium-fibrillasie (veroorsaak deur sy koronêre

vaatsiekte of hipertensie) gehad het, maar beroerte mag in eie reg 'n hartdisritmie aanbring. 'n EKG, op 3 Maart uitgevoer, het afwykings verenigbaar met hartinfarksie getoon, maar weer eens mag sulke afwykings deur 'n beroerte veroorsaak word.<sup>151</sup> Die lykskouing het inderdaad nie infarksie getoon nie. Cheyne-Stokes-respirasie het gedui op belemmering van die sentrale respiratoriese sentrum. Daar is twee maal bloed gebraak – iets wat by sommige die moontlikheid van Warfarin-vergiftiging gesuggereer het.<sup>152</sup> Maar gastriese bloeding mag voorkom as manifestasie van akute intrakraniale drukverhoging, en selfs by enige akute siekteproses as sogenaamde "stresulserasies".<sup>153</sup> Aspekte van Stalin se behandeling klink vreemd, byvoorbeeld die aanbring van bloedsuiers ('n baie verouerde terapie by beroerte) en die toediening van kaffeïen en kamferpreparate vir hipertensie en iskemiese hartsiekte. Hy is vier dae later, op 5 Maart, oorlede, met erge sianose en kortasemheid wat moontlik op terminale linkerventrikuläre-hartversaking dui. Die lykskouing het die kliniese diagnose van beroerte bevestig, en gevorderde arteriosklerose en hipertensieve verdikking van die linker- hartkamerwand getoon. In die brein was benewens die terminale bloeding, ook verspreide areas van nekrose merkbaar, wat op gevorderde cerebrale iskemie met vorige klein breininfarkte, gedui het.

## 10. SLOTPERSPEKTIEF

Josef Stalin het gesterf aan die komplikasies van hipertensie en arteriosklerose wat bykans 20 jaar tevore by hom gediagnoseer is. Vir iemand sonder beduidende behandeling het hy inderdaad lank oorleef. Uit hierdie studie is dit duidelik dat sy fisiese gesondheidstoestand geleidelik agteruitgegaan het – maar dit is die normale lewensverloop van die mens. Vanuit 'n historiese oogpunt gesien, is dit belangrik om daarop te let dat in die loop van die sowat 25 jaar wat Stalin die absolute Sowjet-heerser was (1928-1953), hy nie buitengewoon fisiesiek was nie (hoewel ook nie altyd volkome gesond nie). Van groter historiese betekenis is die feit dat hierdie man 'n persoon met 'n versteurde psige was. Dit verklaar waarom hy, sonder om te skroom, besluite geneem het wat soveel ellende vir sy mense veroorsaak het. Hy was egter ook medeverantwoordelik vir die ontstaan van die Koue Oorlog; soos algemeen bekend, dus daardie ideologiese stryd wat in die grootste deel van die tweede helfte van die twintigste eeu die wêreld se geskiedenis oorheers het. Dit is verskriklik dat iemand met 'n versteurde psige die wêreld in soveel ellende help dompel het. In die lig van sy gevoelloose optrede is dit egter onwaarskynlik dat hy self psigies veel beïnvloed is deur sy handeling – optrede wat egter miljoene ander mense se lewens verwoes het. Dit is duidelik dat ervaringe en bepaalde voorvalle in sy kinderdele hul merk op Stalin gelaat het en dat dit weer op hul beurt sy sienswyses en optrede medebepaal het. Ten einde Josef Stalin as ingewikkeld historiese figuur behoorlik te kan evalueer en sy optrede sinvol te kan vertolk, is kennis van en begrip vir die mediese wetenskappe streng gesproke nodig, en kan die historiese en mediese wetenskappe in dié opsig sinvol saamwerk.

## EINDNOTAS

- <sup>1</sup> T.H. Rigby, *Stalin* (New York: Prentice-Hall, 1966), p. 1.
- <sup>2</sup> W. Laquer, *Stalin: the Glastnost revelations* (New York: Charles Scribner's Sons, 1990), pp. 1-5; A. Antonov-Ovseyenko, *The time of Stalin: portrait of tyranny* (New York: Harper Colophon Books, 1983), pp. vii-xx.
- <sup>3</sup> S. Davies en J. Harris, *Stalin: new history* (Cambridge: Cambridge University Press, 2005), pp. 1-17.
- <sup>4</sup> A. Neumayr, *Dictators: Napoleon, Hitler, Stalin* (Bloomington: Medi-Ed Press, 1995), p. 423.
- <sup>5</sup> M. Kun, *Stalin: an unknown portrait* (Budapest: CEV Press, 2003), pp. 8-19; H.M. Hyde, *Stalin: the story of a dictator* (New York: Da Capo Press, 1971), pp. 11-20; R. Service, *Stalin: a biography* (London: McMillan, 2004), pp. 17.

- 6 Service, pp. 17, 24-26.  
 7 Hyde, pp. 20-22; Service, pp. 19-21.  
 8 B. Taylor, "Josef Stalin: a medical case history" in *Maryland State Medical Journal* 14(11), p. 38.  
 9 R.A. Medvedev, *On Stalin and Stalinism* (Oxford: Oxford University Press, 1979), pp. 1-4; Hyde, pp. 1-2.  
 10 D. Rayfield, *Stalin and his hangmen* (London: Penguin Books, 2004), pp. 9-11; Hyde, p. 21.  
 11 I. Grey, *Stalin* (London: Weidenfeld & Nicholson, 1979), pp. 9-11.  
 12 Kun, p. 12.  
 13 Hyde, pp. 25-33; Rayfield, pp. 11-13.  
 14 Kun, p. 5.  
 15 R. Brackman, *The secret file of Joseph Stalin* (London: Frank Cass, 2001), pp. 11-13.  
 16 Hyde, pp. 32-33.  
 17 L. Fischer, *The life and death of Stalin* (London: Jonathan Cape, 1953), pp. 68-69; Grey, pp. 11-13.  
 18 Hyde, pp. 35-36.  
 19 Fischer, p. 69.  
 20 Brackman, p. 9.  
 21 Hyde, pp. 59-60, 91; Rayfield, pp. 29-30.  
 22 E. Radzinsky, *Stalin* (London: Hodder & Staughton, 1996), p. 47.  
 23 Rayfield, pp. 28-32; Hyde, pp. 60-103.  
 24 Hyde, p. 96; Brackman, pp. 17, 186-193.  
 25 Rigby, p. 12; Rayfield, p. 37.  
 26 Hyde, pp. 40, 74-75, 123; Lacquer, p. 8.  
 27 Rayfield, pp. 42-43; Rigby, pp. 69-72.  
 28 Lacquer, p. 9; F.B. Randall, *Stalin's Russia* (New York: Free Press, 1965), p. 15; Hyde, pp. 153-163.  
 29 Hyde, pp. 153-163, 168, 260; Fischer, pp. 70-76; S.S. Montefiore, *Stalin: court of the Red Tsar* (New York: Alfred Knoph, 2004), pp. 106-107.  
 30 Rayfield, p. 416; Hyde, pp. 254-258.  
 31 Hyde, pp. 256-259.  
 32 *Ibid.*, p. 183.  
 33 O. Figes, *A people's tragedy* (London: Pimlico, 1996), pp. 758-807; Rayfield, pp. 118-120.  
 34 Rayfield, pp. 72-74, 120-124.  
 35 Hyde, pp. 184-213.  
 36 A. Bullock, *Hitler and Stalin, parallel lives* (London: Fontana Press, 1991), pp. 196-228.  
 37 R.D. Ward, "Leon Trotsky" in M. Parry (red.), *Chambers biographical dictionary* (Edinburgh: Chambers, 1997), p. 1849.  
 38 Service, pp. 80, 107; Fischer, p. 76.  
 39 Hyde, pp. 272-282; Rayfield, p. 185.  
 40 Hyde, pp. 280-287, 295-296, 335-378; Rayfield, pp. 285-330.  
 41 Hyde, pp. 295-296, 326.  
 42 *Ibid.*, pp. 280-287, 335-378.  
 43 Rayfield, p. 239.  
 44 Hyde, pp. 300-313.  
 45 Rayfield, p. 362.  
 46 Bullock, pp. 661-669.  
 47 Medvedev, p. 148; Rayfield, p. 297.  
 48 Rayfield, pp. 195, 261-164, 359-362.  
 49 M. Eboh, *Svetlana* (New York: Signet, 1967), p. 92; Hyde, p. 435.  
 50 Hyde, pp. 435-490.  
 51 Rayfield, pp. 395-396.  
 52 Bullock, pp. 839-866.  
 53 Rayfield, pp. 387-389.  
 54 Hyde, pp. 491-545; Bullock, pp. 969-981.  
 55 Rigby, p. 83.  
 56 Neumayr, p. 426.  
 57 Rayfield, pp. 44-46.  
 58 Laquer, pp. 11, 18; Randall, pp. 286-287.  
 59 Montefiore, pp. 513-514.

- 60 Rayfield, pp. 403, 422; Randall, pp. 286-287; Bullock, p. 983-985.  
 61 Brackman, p. 368; Bullock, pp. 1005-1019.  
 62 Rayfield, pp. 309-413; Ebon, pp. 92-93; Hyde, pp. 449-546.  
 63 Hyde, pp. 549-550.  
 64 *Ibid.*, pp. 577-579; Rayfield, pp. 423-425.  
 65 Hyde, pp. 569-570.  
 66 Antonov-Ovseyenko, pp. 301-302; Grey, p. 461.  
 67 Rayfield, pp. 430-435; Hyde, p. 573.  
 68 A.B. Ulan, *Stalin: the man and his era* (London: Allen Lane, 1974), p. 721.  
 69 Brackman, p. 385; Hyde, pp. 577-590.  
 70 Ebon, pp. 91-93; R. Hingley, *Joseph Stalin: man and legend* (New York: McGraw Hill, 1974), pp. 416-417; Service, pp. 71-72.  
 71 Medvedev, p. 155.  
 72 Antonov-Ovseyenko, pp. 301-302.  
 73 Rayfield, p. 436; Bullock, pp. 1048-1049.  
 74 Taylor, pp. 44-45; Richardson, pp. 250-253.  
 75 Hyde, pp. 591-592.  
 76 Ebon, p. 103.  
 77 R. Richardson, *The long shadow* (London: Little, Brown & Co., 1993), pp. 250-253.  
 78 Medvedev, pp. 158-159.  
 79 Hyde, p. 593; Grey, p. 462.  
 80 Hyde, pp. 593-594; Service, pp. 582-584.  
 81 Service, pp. 582-584; Montefiore, p. 638.  
 82 Neumayr, pp. 427-428; Service, pp. 582-590; Hyde, pp. 593-599.  
 83 A.L. Miasnikov, "The end" in *Soviet Review* 32(1), 1991, pp. 84-92; Hyde, pp. 594-595.  
 84 Neumayr, p. 427; Service, pp. 582-587; Hyde, pp. 595-596.  
 85 Hyde, p. 595.  
 86 Ebon, p. 91.  
 87 Hyde, pp. 595-596; Miasnikov, pp. 87-90.  
 88 Hyde, pp. 496-597.  
 89 Miasnikov, pp. 90-92; Medvedev, p. 160.  
 90 Hyde, p. 596.  
 91 Service, p. 590; Hyde, pp. 597-599.  
 92 Laquer, pp. 1-5; Rayfield, pp. 443-446; Hyde, pp. 600-604.  
 93 Antonov-Ovseyenko, p. ix.  
 94 Rayfield, pp. 442-443, 447-453.  
 95 Hyde, p. 605.  
 96 R.C. Tucker en A. de Jonge, "Stalin, Joseph" in Parry (red.), p. 1742.  
 97 Neumayr, pp. 429-433; D. Rancour-Laferriere, *The mind of Stalin* (Ann Arbor: Ardis, 1988), p. 56.  
 98 Hyde, p. 23.  
 99 Rayfield, p. 28; Radzinski, p. 30.  
 100 Medvedev, pp. 1-4; Neumayr, p. 434.  
 101 Fischer, pp. 68-69.  
 102 Brackman, pp. 11-13, 17, 186-193.  
 103 Rayfield, p. 239; Hyde, pp. 300-313.  
 104 Neumayr, pp. 429-437.  
 105 Rayfield, pp. 29-30.  
 106 Hyde, pp. 254-258; Rancour-Laferriere, pp. 100-101.  
 107 Rayfield, pp. 44-45; Rancour-Laferriere, pp. 101-102.  
 108 Medvedev, p. 5; Neumayr, p. 437.  
 109 Rigby, pp. 75-77.  
 110 Neumayr, pp. 436-437.  
 111 Medvedev, p. 150.  
 112 Rayfield, p. 390.  
 113 Kun, p. 4.  
 114 Service, p. 236.  
 115 Rancour-Laferriere, pp. 94-95, 100.

- 116 Rayfield, p. 158.  
 117 Neumayr, pp. 438-439; Radzinsky, p. 310.  
 118 Rayfield, p. 40.  
 119 Neumayr, p. 423.  
 120 Hingley, p. 4; Rayfield, pp. 6, 9, 29.  
 121 Hyde, p. 21.  
 122 Brackman, pp. 6-7.  
 123 Hyde, pp. 20-21.  
 124 Richardson, p. 52; Brackman, pp. 7-8.  
 125 Radzinski, p. 61.  
 126 Hyde, p. 21.  
 127 Neumayr, p. 424.  
 128 Hyde, p. 21.  
 129 Neumayr, p. 424.  
 130 Rayfield, pp. 47-50; R. Payne, *The rise and fall of Stalin* (New York: Avon Books, 1965), pp. 304-305.  
 131 Fischer, pp. 68-69; Hyde, p. 91.  
 132 Hyde, p. 177.  
 133 Rayfield, p. 47.  
 134 Z.A. Medvedev en R.A. Medvedev, *The unknown Stalin* (London: Tauris, 2003), p. 3; Service, pp. 236-237.  
 135 Medvedev en Medvedev, pp. 3-4.  
 136 Neumayr, p. 424; Medvedev, p. 154.  
 137 Medvedev, p. 154; Neumayr, pp. 423-425.  
 138 Service, p. 571; Neumayr, p. 425.  
 139 Medvedev en Medvedev, p. 4.  
 140 N. Romano-Petrovna, *Stalin's doctor, Stalin's nurse: a memoir* (Princeton N.J.: The Kingston Press, 1984), pp. v-vii, xxx.  
 141 Hyde, p. 459.  
 142 Neumayr, pp. 425-426; Hyde, pp. 537-540.  
 143 Montefiore, pp. 523-514; Kun, p. 242.  
 144 Taylor, p. 40.  
 145 Service, p. 571.  
 146 Hyde, pp. 559-560.  
 147 Kun, p. 242.  
 148 Medvedev, p. 155; Neumayr, p. 426.  
 149 Medvedev en Medvedev, pp. 1-28; Neumayr, p. 426.  
 150 Rayfield, p. 435; Brackman, p. 381.  
 151 V. Hackinski en J.W. Norris, *The acute stroke* (Philadelphia: F.A. Davis, 1985), pp. 180-184.  
 152 Montefiore, p. 646.  
 153 M. Swash en J. Oxbury, *Clinical neurology* (Edinburgh en London: Churchill Livingstone, 1991), p. 696; L.W. Way, *Current surgical diagnosis and treatment* (Los Altos: Lange Medical Publications, 1983), pp. 465-466.